# Motheo Onderwysdistrik

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## Vraestel 2

## Mei/Junie 2014

**PUNTE: 80**

**GRAAD: 10**

**TYD: 2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | ’n Opstel | (40 punte) |
| AFDELING B: | EEN lang transaksionele tekste | (20 punte) |
| AFDELING C | EEN kort transaksionele teks | (20 punte) |

2. Kies en beantwoord EEN vraag uit AFDELING A, EEN vraag uit AFDELING B en EEN vraag uit AFDELING C.

   Bestee ongeveer 60 minute aan AFDELING A en 30 minute aan elk aan AFDELING B en C.

3. Skryf in Afrikaans.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. Punte word vir inhoud, taal en styl asook struktuur, beplanning en redigering toegeken.

6. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning/redigering wees.

7. Dui jou beplanning deeglik aan. Trek ’n streep deur jou beplanning as jy die finale weergawe klaar oorgeskryf het.

8. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**


- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ’n OPSTEL van 150 – 180 woorde.
- Dui op jou finale skryfstuk die nommer van die opstelonderwerp aan.

**VRAAG 1**

1.1

# Ek vang ’n kosdief ....

Skryf ’n opstel waarin jy vertel hoe jy iemand wat kos gesteel het, gevang het.



[Clip Art]

Dink aan:

- Waar jy die dief gevang het
- Wat die dief gesteel het
- Wat jy gedoen het om die dief te vang.
- Wat die polisie gesê het

(40)

OF

1.2

## ’n Storie wat my ouma vertel het

Jou ouma vertel graag vir jou stories van julle familie of volk. Skryf EEN van hierdie stories.



[*Mozilla Fire Fox*]

Kopiereg voorbehou

Dink aan:

- Wanneer jou ouma stories vertel het
- Watter storie jy die beste onthou
- Vertel die storie (40)

OF

1.3 **'n Interessante plek**

Beskryf jou plek aan 'n toergroep wat jou plek wil besoek.




[Google Maps]

Dink aan:

- Die naam van jou plek
- Hoe jou plek lyk
- Wat in jou plek alles gebeur
- Hoekom jy van jou plek hou (40)

OF

1.4 **Die mense van Suid-Afrika**



[*Mozilla Fire Fox*]

Skryf 'n opstel waarin jy die mense wat in Suid-Afrika bly,

Dink aan:


- Waar jy die geld opgetel het.
- Wat jy met die geld gedoen

(40)

OF

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.

1.6.1




[*Afrikaans is lekker* graad 10]

(40)

OF

1.6.2




[*Afrikaans is lekker* graad 10]

(40)

OF

1.6.3



[*Afrikaans vir Afrika* Graad 12]

(40)

**TOTAAL Afdeling A**: **40**

EN

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE**

- Kies EEN van die volgende opdragte.
- Die lengte van die TRANSAKSIONELE TEKS moet 80-100 woorde wees.
- Dui op jou finale skryfstuk die nommer van die LANG TRANSAKSIONELE TEKS aan.

**VRAAG 2**

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Skryf ’n vriendskaplike brief aan ’n maat in ’n ander dorp oor ’n interessante plek in jou dorp.

Dink aan:

- Waar die plek is
- Hoekom die plek interessant is
- Hoe die plek lyk
- Wat mens by die plek alles kan doen

(20)

OF

2.2 **TOESPRAAK**

Skryf ’n TOESPRAAK oor die kostradisies van die volk waaraan jy behoort.
Dink aan:

- Die soorte kosse wat jou volk eet
- Watter kos vir jou die lekkerste is

- Hoekom die kos vir jou die lekkerste is
- Hoe die kos gaargemaak word (20)

OF

2.3 **DIALOOG**

Skryf 'n DIALOOG tussen 'n ma en haar seun oor die kos wat hulle vanaand gaan eet.

Begin die dialoog so:

Ma: Goeiemiddag Thabo. Wat wil graag vanaand eet?
Thabo: Mamma, ek is baie honger!
Ma: Wat wil jy dan graag eet?
Thabo: ...... (20)

OF

2.4 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Skryf ’n vriendskaplike brief oor die dag toe julle tradisionele klere skool toe aangetrek het.

Dink aan:

- Wanneer die dag was
- Wat jy aangetrek het
- Wat jou maats aangetrek het

**TOTAAL AFDELING B: (20)**

EN

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE**

- Kies EEN van die volgende opdragte.
- Die lengte van die KORT TRANSAKSIONELE TEKS moet 50 – 80 woorde wees.

**Vraag 3**

3.1 **PLAKKAAT**

Maak ’n plakkaat oor ’n internasionale kosdag by julle skool.

Dink aan:

- Watter kultuurgroep se kos jy wil maak.
- Waar julle stalletjie is
- Watter soort kos julle gaan verkoop

Kopiereg voorbehou

- Hoeveel die kos gaan kos. (20)

OF

3.2 **POSKAART**

Skryf ’n poskaart aan ’n maat waarin jy hom/haar vertel van die dag toe julle die skoolgrond skoongemaak het.

Dink aan:

- Hoekom julle besluit het om die skoolgrond skoon te maak
- Wat elke klas gedoen het
- Hoe mooi die skool nou lyk

Teken die volgende poskaart oor in jou eksamenboek en beantwoord die poskaart dan.


| | |
|---|---|
| Skryf die poskaart hier | Adres van jou maat |

(20)

OF

3.3 **INSTRUKSIES**

Gebruik die onderstaande prentjies om jou te help om die instruksies vir die maak van ’n kaastoebroodjie (*cheese sandwich*) te maak.




(20)

**TOTAAL AFDELING C: (20)**
**GROOTTOTAAL: (80)**